STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

1 APRIL 2018

GEMEENTEBULLETIN

DEUROFFER

Gemeente-hulpfonds
Die fonds verleen ondersteuning aan gemeentes wat weens verminderde lidmaattalle, natuurrampe, ontvolking, ens. nie meer hulle begrotings kan balanseer nie.

EREDIENSTE

			1 April (Paassondag)		8 April	
06:15	Kerk	Paasnagmaal	Ds. Kotze	-	Geen diens	-
09:00	Kerk	Oggenddiens (Doop)	Ds. Kotze	4	Ds. Visagie	5
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Kotze	13	Ds. Breytenbach	11

DOOP VANDAG

Calie en Marisa Vermeulen, Hamlets Place, Sonstraalhoogte, laat doop vir Riehette Vermeulen.

VOORBIDDING

Johan Lamprecht, Raphaelsingel 2, is baie ernstig siek en in die intensiewe sorgeenheid van Durbanville Mediclinic opgeneem. Sy vrou, Sonja vra dat lidmate hom assebief in hulle gebede opdra.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Christiaan Johannes (Johan) Fourie, gebore 26/09/1951 en oorlede op 26/03/2018. Johan was saam met sy gesin sedert 1981 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente. Ons innige meegevoel met sy vrou, Amanda en twee kinders wat hy agterlaat. Amanda woon in Amandastraat 11, Amanda Glen. Johan se roudiens is op DInsdag 3 April om 14:30 in die kerk.

[ONS GLO . . .]

BOKKEVELD KONTREIMARK

Vrydag 20 April om 14:00

Die Bokkevelders besoek ons weer vanjaar. Kom ondersteun asb. die gemeenskap van Op-die-berg-gemeente. Die produkte wat hulle saambring sal heelwat aangepas wees a.g.v. die ernstige droogte waaronder boere gebuk gaan. Hulle het nie groente om saam te bring nie, maar sal wel vrugte bring. Klaar etes met braai-vleis en potjiekos (o.a. afval) sal verkoop word asook vars vleis.

KUIER BY VOSBURG GEMEENTE

Die Vosburg-komitee besoek Vosburg-gemeente vanaf 27 April tot 1 Mei. Ons wil graag 'n uitgebreide gemeentegroep saamneem en nooi enige een om saam te gaan. Ons beoog om Vosburg se jaarlikse basaar Saterdagoggend by te woon asook die kerkdiens op die Sondag. Kontak Christine Ferreira (083 440 2086) om die nodige reëlings te tref.

VERLORE ITEMS

Daar is verskeie verlore items (sleutels, sonbrille, juwele) by die kerkkantoor, indien jy iets vermis, kontak asb. vir Karin by 021 976 4519 / karin@stellenberg.co.za

NUWE LERAAR

Die kerkraad het besluit dat die proses rondom die aanstelling van 'n nuwe leraar van vooraf begin word. Die vakature word weer geadverteer en ons hoop om in Meimaand 'n beroep uit te bring. Ons sal lidmate deur middel van die bulletin op hoogte hou met die vordering.

UITREIK NA DIE KOUE BOKKEVELD

'n Groot groep jongmense en volwassenes van Stellenberg asook NG Kerk Onrusrivier gaan vanaf 2 April na Op-die-berg in die Koue Bokkeveld uitreik. Doen asb. voorbidding vir die span.

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 9 April om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602. Bydraes van enige afval-wol sal waardeer word. Gee asb. by die kerkkantoor af.